# TOM NEWBY SCHOOL EKSAMEN

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Vak** | **Afrikaans Leesbegrip en Taal** | **Eksaminator** | **Mnr. Ellis** |
| **Datum** | **19 November 2018** | **Totaal** | **45 Punte** |
| **Sessie** | **1** | **Tyd** | **1 uur** |
| **Graad** | **4** | **Moderator** | **Mev. Pienaar** |
| **Spesiale instruksies/ toerusting** | | | |
| Hierdie assessering is opgestel met die gebruik van notas en inligting beskikbaar in die Tom Newby inligting materiaal. Die memorandum of rubriek is opgestel tot 'n standaard, maar alternatiewe antwoorde of opinies word in ag geneem. | | | |
| Naam: | Van: | Graad 4: | |

**Leesbegrip: _____/30 Taal: ______/15 Totaal: ____/45**

DRAFT - TOM NEWBY SCHOOL

## Afdeling A: Leesbegrip [30]

**Kyk na die woordbank om jou te help.**

| Afrikaans | Engels | Afrikaans | Engels |
|---|---|---|---|
| bederf | spoil | opgelei | trained |
| gewilder | popular | gewoond | used to |
| honde-opleier | dog trainer | versierings | decorations |
| genooi | invited | happie | snack |
| geniet | enjoy | gaste | guests |
| geselskap | company | kou | chew |

**Vraag 1: Lees die storie 'Elke hond kry sy dag' en beantwoord die vrae.**

### Elke hond kry sy dag.

1 Dit is nie net meer kinders wat op hulle verjaarsdae met 'n partytjie bederf word nie. Partytjies vir honde raak ook nou al hoe gewilder.

2 Dit lyk of Suid-Afrikaners ook soos die Amerikaners kyk wie kan die beste partytjie vir hulle diere hou.

3 Me. Candi Moon is 'n honde-opleier van Johannesburg wat graag partytjies vir haar ses honde hou.


4 Die laaste partytjie wat sy gehou het, was vir haar tweejarige Labrador, Hagan. Vir die partytjie het Moon 'n paar vriende en hul honde genooi.

5 "Die honde geniet mekaar se geselskap. Hulle blaf nie vir mekaar nie." Die honde wat na Hagan se partytjie genooi word, is opgelei en is gewoond aan ander mense en honde.

6 Sy koop nie baie versierings nie, maar daar is altyd genoeg happies vir honde en mensegaste.

7 "Hagan het 'n reuse been gekry, maar ek beveel 'n speelding aan waaraan 'n hond kan kou."

Woorde: 153 (Verwerk en aangepas uit: Pols.)



1.1 Voltooi die volgende sin. (1)

Dit is nie net kinders wat op hulle verjaarsdae met partytjies bederf word nie, maar ook ____________.

1.2 In watter ander land hou die mense ook partytjies vir hulle diere? (1)

___________________________

1.3 Watter soort werk doen Me. Candi Moon? (1)

___________________________



1.4 In watter stad bly Me. Candi Moon? (1)

___________________________

1.5 Hoeveel honde het Me. Candi Moon? (1)

___________________________

1.6 Voltooi die volgende sinnne. (3)

Me. Candi Moon het ‘n hond. Sy naam is _____________.

Hy is _________ jaar oud. Hy is ‘n _____________.

1.7 Beskryf, in jou eie woorde, hoekom die honde nie vir mekaar blaf nie. (1)

_______________________________________________________

_______________________________________________________

1.8 Dink jy die honde word alleen na die partytjie toe genooi of mense ook? Motiveer jou antwoord. (2)

_______________________________________________________

_______________________________________________________

1.9 Is hierdie sin waar of onwaar? (1)

Hagan se partytjie het baie versierings gehad.

___________________________

1.10 Honde hou van bene. Watter ander tipe geskenk kan jy vir jou hond koop? (1)

_______________________________________________________

1.11 Dink jy dit is reg dat daar vir diere ook partytjies gehou word? Gee ‘n rede vir jou antwoord. (2)

_______________________________________________________

_______________________________________________________

1.12 Sal jy vir jou troeteldier ‘n partytjie hou? Waarom? (2)

_______________________________________________________

_______________________________________________________

1.13 Skryf ‘n woord uit paragraaf 1 neer wat dieselfde beteken as “om iets spesiaals vir iemand te doen”. (1)

DRAFT - TOM NEWBY SCHOOL

1.14 Skryf 'n woord uit paragraaf 6 neer wat dieselfde beteken as "eet goed". (1)

1.15 Wat beteken die idioom "Elke hond kry sy dag"? (1)

SCHOOL

**Vraag 2: Kyk na die uitnodiging van Hagan se partytjie en beantwoord die vrae.**



2.1 Wie word uitgenooi na die partytjie? (2)

____________________________________________

2.2 Wanneer is die partytjie? (1)

______________________________



2.3 Hoe laat maak die partytjie klaar? (1)

______________________________

2.4 Waar is die partytjie? (1)

______________________________

2.5 Wat kan jy saam vat vir Hagan? (1)

______________________________

2.6 Carmi en Ben wil partytjie toe gaan. Vir wie moet hulle laat weet? (1)

____________________________________________

2.7 Waarom dink jy is dit belangrik om te laat weet of jy 'n partytjie gaan bywoon of nie? (1)

____________________________________________

____________________________________________

2.8 Sal jy na die partytjie toe gaan? Hoekom? (2)

____________________________________________

**Totaal Afdeling A: ___/30**




DRAFT - TOM NEWBY SC

# Afdeling B: Taalleer [15]

**Vraag 1:** Vul die ontbrekende **leestekens en skryftekens** in die volgende sinne. **(2)**

Sjoe hagan se verjaarsdag was baie lekker

______________________________________________

Wat gaan jy vir Hagan vir sy verjaarsdag koop

______________________________________________

**Vraag 2:** Kyk na die volgende prent. Onderstreep die regte **voorsetsels** in die sinne. **(1)**



Daar is 'n been (op / in) die hond se mond.

Die hond sit (voor /in) sy hok.

**Vraag 3:** Onderstreep die regte **homofoon.** **(1)**

Die honde blaf baie hart / hard.

**Vraag 4:** Skryf die **intensiewe vorm** van**:** **(1)**

Koud - ___________________________

DRAFT - ... WBY SCHOOL

**Vraag 5:** Kyk na die volgende prente en skryf die **antonieme**. **(2)**



**Baie**



______________________________



**Groot**



______________________________

**Vraag 6:** Kyk na die volgende prente en skryf die **trappe van vergelykings** onder elke prent. **(1)**








Goed __________________ __________________

**Vraag 7:** Skryf die volgende sin in **verlede tyd**. **(1)**

Carmi en Ben gaan na Hagan se verjaarsdag.

________________________________________________________________

**Vraag 8:** Skryf die volgende sin in **toekomende tyd.** **(1)**

Carmi koop vir Hagan 'n geskenk.

________________________________________________________________

DRAFT - TOM WBY SCHOOL

**Vraag 9:** Skryf die volgende sin in **ontkennende vorm.** **(1)**

Almal geniet Hagan se partytjie.

______________________________________________

**Vraag 10:** Voltooi die tabel. **(2)**

| **Woord** | **Meervoud** | **Verkleining** |
|---|---|---|
| hond | honde | |
| geskenk | | geskenkie |
| been | | |

**Vraag 11:** Skryf die volgende woorde in die **regte orde. (STOMPI)** **(1)**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| met ‘n bal | op die gras | Hagan | op sy verjaarsdag | speel |

______________________________________________

______________________________________________

**Vraag 12:** Kies die regte **voegwoord.** **(1)**

Ons drink koue koeldrank, (maar / want) dit is baie warm.

Ek gooi die bal (en / omdat) Hagan gaan haal die bal.

TOM NEWBY SCHOOL

**Totaal afdeling B: ___ /15**

**Groot totaal: ___/ 45**

